Maandag **5 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:1-11**

**Fokusgedeelte: Matteus 4:4a, 7, 10a**

**Jesus weerstaan die duiwel se versoeking, jy kan ook**

Net ná Jesus met sy doop sy amptelike werk begin, kom Satan met sy versoekings. Dadelik is dit duidelik: Jesus word nie in die versoekings ’n blote prooi van Satan nie. God self lei sy Seun deur sy Gees na ’n plek waar Hy Hom aan Satan blootstel. Daarom is Jesus aan die begin van sy openbare optrede in die woestyn – uitgedryf deur die Heilige Gees, soos daar letterlik staan.

Juis die woestyn. Die stryd het in die paradys begin. Daar het die eerste mens, Adam, vir Satan se leuen geval. Die mens is uit die paradys gedryf en moes as’t ware in die woestyn vol dorings en distels gaan leef. Die stukkende wêreld is die magsgebied van Satan. Johannes noem hom die “owerste van hierdie wêreld” (Joh. 14:30).

As die tweede Adam moet Jesus juis nou in “hierdie wêreld”, in die woestyn van die lewe, met die opruimingswerk van die sonde begin. Hy moet versoek word, want dit was ook op dié wyse dat daar ’n breuk tussen God en mens gekom het. Al hoe hierdie breuk herstel kan word, is deur self versoek te word.

Jesus weer die versoekings af deur aan die Woord van God vas te gryp. Drie keer: “Daar staan geskrywe ...” Die Woord van God is ons enigste verweer in tye van twyfel en versoekings. Satan gebruik steeds die leuen as een van sy sterkste wapens. Ons moet ten alle tye aan die Woord van God vashou. Daaruit weet ons wat die waarheid en wat die leuen is.

Ons sal staande bly, want Christus is immers self versoek om ons te help wat versoek word (Heb. 2:18). Hou vas aan God se Woord. “Daar staan geskrywe ...”

*Sing: Psalm 91-1:1, 3, 6*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*